

Die Loon van 'n Gekibbel

“Ek is bevrees die prognose is nie goed nie, Oom Storm.”

“Wel, Jack, met my familiegeskiedenis het ek nie verwag dat dit sal wees nie. Hoe lank?”

“Enigiets tot omtrent twee jaar. Vir die meeste van daardie tyd behoort jy oukei te wees, maar daarna, wel, mag dinge vinnig gebeur.

“Kan jy sê wanneer die einde naby is?”

“Natuurlik.”

“Goed, dan is dit wat ons doen. Niks. Al wat ek wil hê is om gemaklik gehou te word. As ek pyn of naarheid het, behandel hulle – dis al.”

“Is jy seker?”

“Ja, Jack. Omdat ek dit op ‘n manier verwag het, het ek tyd gehad om dit te deurdink. Jy weet, met al die voor- en teenspoed het ek ‘n goeie sewentig jaar gehad, baie dinge gedoen en die meeste van my doelwitte bereik. Hierdie genetiese stryd kan nie oorwin word nie, so, kom ons hanteer dit met waardigheid. Akkoord?”

“Akkoord, Oom Storm. Ek sal help waar ek kan.”

“Dankie, Jack, ek weet.”

“Pa Storm. Wat ‘n aangename verrassing! Kom binne.”

“Dankie, Lucy, my meisiekind,” sê hy terwyl hy die nederige kothuis waarin Lucy onlangs ingetrek het, binnegaan.

“Wat bring vir Pa hier?”

“Twee dinge.”

Lucy lyk uit die veld geslaan.

“Eerstens sien ek dat daardie nikswerd seun van my op ‘n egskeiding aandrings. Hoe voel jy daarvoor? Is jy gelukkig?”

“Ja, ek is, Pa. Ek kan nie langer hierdie nonsens verdra nie – ag, Pa, dinge is nie wat hulle was nie. Hy is deesdae anders. Ek wonder soms wat gebeur het en waarom. Vandat Ma dood is, is dit asof hy haar rol van aanhitsing aangeneem het – hy werk almal by familiebyeenkomste op – maar Pa weet dit.”

“Ja, my kind. En die jongste meisie?”

“Sy’s net nog ‘n ryk sosiale vlinder, Pa. Pa ken vir Bernhard – hy moet in die kalklig wees en verafgod rykdom.”

“Ja, hy aard na sy ma. Geld is al wat haar prikkel. En ‘n sekere ryk sakeman,” voeg hy as ‘n nagedagte by.

Lucy het groot medelye met hom.

“Lucy, het jy van Hans Loubscher, die egskeidingsprokureur gehoor?”

Sy knik.

“Hy het ingestem om jou te verteenwoordig.”

“Maar Pa, dit gaan duur wees, ek kan hom nie bekostig nie.”

“Jy hoef nie. Lucy, van al ses my kinders en hulle maats is net jy die naaste aan my hart. Ek sal vir die man se dienste betaal. Ek is bedroef deur die hartseer wat Bernhard vir jou veroorsaak het, diep bedroef. Nietemin, egskeiding is nooit maklik nie. Dit was iets wat deur my gedagte gegaan het met Ma, maar die gevolge sou te ontwrigtend gewees het. Ek het besluit om eerder al my energie in die plase te steek,” mymer hy, “maar jy het ‘n kans om te ontsnap.”

Oom Storm bly stil en kyk ingedagte na haar. Hy haal diep asem en dink: *Nou dat ek die einde van my lewe in die gesig staar, is dit belangrik dat sy weet hoe baie ek haar leer liefkry het.*

Hy kyk teer na haar en sê eenvoudig: “Ek is lief vir jou, Lucy.”

“Ek is ook lief vir Pa.”

“Ek het gedink oor al die prettige tye wat ons gedeel het. Onthou toe ek gelag het tot die trane rol toe jy sommige van die kommentare gelees het uit die opstelle wat jy besig was om na te sien.”

Die herinnering laat hulle beide stilletjies lag.

“Daardie lang stappe en perderitte op die plaas – nagaan van heinings, die werkers gelukkig hou. Jy weet, Lucy, die volkies op die plaas is almal lief vir jou. Hulle mis jou.”

“Ek mis hulle ook, Pa.”

“Nou, daar is iets wat jy vir jou ou Pa kan doen. Ek gaan vir Hans opdrag gee dat jy niks uit die egskeidingsooreenkoms wil hê nie, op een voorwaarde – ek dink dit sal ‘n goeie idee wees as Bernhard jou nooit weer kontak nie. Wat sê jy?”

“Ja, Pa, dit sal my lewe baie makliker maak – ek skrik nie meer vir sy boelietaktiek nie, maar dit is uitputtend om te hanteer. Ek is op die uitkyk vir ‘n ander onderwyfpos, so, dit sal vir die finansies voorsiening maak.”

“Wel, voor jy begin kyk – onthou jy daardie klein huisie in Kaapstad waarvan jy hou?”

“Ja, Pa.”

“My aanbod daarop is aanvaar. Ek en jy moet volgende week Kaapstad toe sodat jy al die dokumente kan teken.”

Oom Storm glimlag. Vir die eerste keer ooit sien hy Lucy sprakeloos.

“Shhh,” sê hy toe sy begin praat. “Terselfdertyd sal jy teken vir ‘n 4x4 wat ek bestel het en wat jy kan gebruik om na daardie afgeleë plekke toe te gaan wat jy wil skilder. Laastens het ek reeds ‘n lewensannuïteit vir jou uitgeneem. Dit sal meer as jou lewensuitgawes dek en jou toelaat om te spaar. Dit sal teen 10 persent per jaar groei en jou inkomste voor inflasie hou. As jy weer wil begin onderwys gee, is dit natuurlik jou keuse.”

O ja, dink hy, dit is alles die moeite werd, kyk net na haar stralende gesig! Hy kyk na die veranderende emosies wat in haar oë weerspieël word en is gelukkig – sy sal ten minste kry wat sy verdien.

“Maar Pa . . .”

“Shhh,” sê hy weer en plaas ‘n vinger op haar lippe. “Jy het ver meer verdien as wat ek ooit kan gee, dit is net my manier om dankie te sê. Jy is ‘n goeie mens.”

Terwyl sy met stomgeslaande dankbaarheid na hom kyk, sê hy: “Nou, die ander ding. My gene het my ingehaal, Lucy meisie, en dokter Jones sê vir my ek het maksimum twee jaar.”

Lucy gooi haar arms om sy nek en snik. Sy kyk op na hierdie groot boer wat nader aan haar was as wat haar eie pa ooit was, sukkel om haar vloeiende trane te beheer, en vind haarself uitbars: “Ek sal Pa se groot, warm omhelsings mis. O, hoe sal ek Pa mis!”

“Luister na my, Lucy, onthou die goeie dinge, en laat ons die tyd wat ons oor het, geniet. Jy weet, my meisiekind; ‘n mens leef net een keer, en ek het ‘n gelukkige lewe gehad. Ek het my lewe op die plase geniet. My enigste spyt, as jy dit so kan noem, is dat ek met Ma getrou het. Dit was wonderlik aan die begin, maar soos die jare verbygegaan het, het sy negatief geraak. Sy het te laat besef dat die plaaslewe nie was wat sy wou hê nie, maar dit is in my bloed – boerdery is die enigste ding wat ek weet hoe om te doen, en ek was ‘n goeie boer.”

Hy bly stil en staar oor Lucy se kop die verte in, denkende oor die verlede.

Byna vir homself mymer hy: “Sy het dit geweet toe sy met my getrou het. En dan is daar die ses kinders. Ek het soveel hoop vir hulle gehad, en het enigeen van hulle moreel in enigiets uitgedraai wat die moeite werd is?”

Lucy luister stilswyend na die gedagtes wat sy weet hy nog nooit voorheen uitgespreek het nie.

“Jy het oor die jare geraai dat ek geen gevoelens vir my gebroedsel het nie; hulle aard almal na hulle ma – almal van hulle windmaker stadsjapies en

geldwolwe. Maar dit tersyde; hulle morele waardes is nie myne nie. Wat meer is, vyf van hulle het met mense getrou wat net soos hulle is.”

“Onthou jy toe jy *King Lear* onderrig het en ons ouer-kindverhoudings bespreek het?”

Lucy knik.

“Wel, ek dink soms dat die ander skoondogters en my eie drie dogters vir Goneril en Regan soos heiliges laat lyk. Wat my die meeste walg is dat noudat ek ouer word, hulle almal by my witvoetjie soek – probeer eenvoudig om guns te wen in die erfenis aandeel.”

“Jy en daardie wonderlike mense op die omliggende plase en in die dorp het my geloof in die menslike natuur behou. Jy, veral, is my Cordelia – waarvoor ek jou bedank.”

Trane stroom nou teen Lucy se gesig af terwyl sy Pa Storm omhels.

“Daardie ondankbares heet oor my besittings getwis asof hulle ‘n reg daarop het. Hulle praat nie beskaafd met mekaar nie. Hulle argumenteer oor wat nog aan my behoort. Die een is band dat die ander meer sal erf.”

Nagenoeg twintig maande vanaf die gewigtige besoek aan dokter Jones was Oom Storm daar vir nog ‘n ondersoek.

“Oom Storm, ek dink jy het minder as drie weke van redelike normale gesondheid oor. Ons het die pyn en naarheid beheer, maar na die einde toe sal dit oneffektief raak. Ek het vir jou gesê dat die einde vinnig sal wees.”

“Ja, Jack,” Oom Storm glimlag.

Weereens sit Oom Storm by Lucy.

“My liefste meisiekind,” sê hy, “die tyd het gekom. Ek het gekom om totsiens te sê.”

“Maar Pa, ek sal na Pa kyk. Ek wil by Pa wees.”

“Nee, my meisiekind. Maar dankie. Onthou nou, moenie my begrafnis bywoon nie – bly weg van die res van hulle af – belowe?”

“Ek belowe, Pa.”

“Goeie meisiekind.”

“Pa Storm – geen enkele ding kan Pa vervang of terugbetaal nie; ek gaan Pa so baie mis . . .”

“Shh,” sê Oom Storm en sit sy vinger teen haar lippe. Jy het vreugde in ‘n ou man se lewe gebring.”

“Pa, waarheen sal Pa gaan?”

“Moenie jou daaroor bekommer nie. Die dood het my nooit gepla nie, en ek voel dit moet ‘n privaat ding wees, my meisiekind. Ek het my begrafnis gereël en daarvoor betaal. Ek sal nie toelaat dat ek aan enigiemand iets verskuldig is nie. Môre sal ek vir myself ‘n drankie meng wat my pynloos op my weg sal stuur.”

Lucy huil. Sy weet dat al wat sy kan doen is om sy besluit te aanvaar – niks sou dit verander nie.

die volgende oggend op die plaas tel hy die telefoon op. “Jack?”

“Ja, Oom Storm? Goeie môre,” sê die aarselende stem.

“Vertrek in omtrent drie ure se tyd. ‘n Nota op die eetkamertafel sal vir jou sê waar om my liggaam te vind. Dankie, en totsiens.”

Voordat hy kon reageer, gaan die foon dood.

Terwyl hy gelukkig by homself fluit, klim Oom Storm die koppie na sy gunsteling uitkykpunt.

Lomerig strek hy homself uit en kyk oor die pragtige land wat hy so lief het.

Die son is warm en vertroostend op sy liggaam.

'n Skewe glimlag speel om sy lippe as hy die goeie tye en dinge van sy lewe in oënskou neem. In Lucy se behoefte is voorsien, en die res van die gebroedsel kan na die duiwel gaan. Hy was tevrede.

Hy draai die bottelprop oop en skink die inhoud daarvan in sy gunsteling whiskey-glas. Hy lig die glas: "Gereed of nie, Sint Petrus, ek is op pad om uit te vind of jy werklik is."

Die oë van die elf wat sit en wag vir die prokureur glim afwisselend in afgagting en verdonker soos hulle na mekaar gluur, elkeen hopende vir die leeu-aandeel.

Toe die prokureur se sekretaresse hulle in die raadskamer inbring, was hulle ietwat verslae om die plaaslike dokter, dominee, magistraat en die polisiehoof in die kamer by mnr. Cronwright aan te tref.

Nie een van die versamelde gaste wend enige poging aan om hulle te groet nie.

Mnr. Cronwright begin lees: *"Die elf van julle wat vandag hier vergader is, was almal net so ellendig en inhalig soos wat julle moeder was. Julle gedurige getwis oor my besittings het my daartoe gelei om 'n jaar gelede die vergaderde here bymekaar te roep. Met hulle as getuies, en in hulle teenwoordigheid, het ek my testament en al sy toevoegsels vernietig."*

'n Snak weerklink deur die vertrek terwyl elf pare oë in ongeloof na mnr. Cronwright staar.

die prokureur gaan voort: *"Omdat daar geen testament is nie, sal die Meester van die Hooggeregshof dit wat van my boedel oor is, volgens die wette van intestate erfopvolging hanteer."*

Nog 'n snak slaan in die vertrek op.

“Laastens gee dit my groot bevrediging om vir julle te sê dat my vyf plase nie meer deel van my boedel vorm nie. Ek het hulle aan die Nasionale Parkeraad geskenk. Mnr. Cronwright het die kontakbesonderhede van hulle verteenwoordiger, wat julle sal adviseer oor die datum waarop die oorblywende roerende goedere vir hulle fondse opgeveil sal word. Onderteken, Johannes Jacobus Stormvogel.”

Ongeloof registreer vir 'n oomblik op al elf gesigte voordat pandemonium, blaam en beskuldigings onder hulle losbreek.

Nadat sake met die elf afgehandel is en die vyf here alleen was, word Waterford whiskeyglase gevul uit 'n bottel van 25-jaar oue Middleton – geskenke van Oom Storm, spesiaal vir die geleentheid.

Mnr. Cronwright lig sy glas.

Die ander volg sy voorbeeld.

“Op Oom Storm.”

“Oom Storm,” eggo hulle in 'n koor.

Ek sweer ek het Oom Storm saggies hoor lag.

Ray Hattingh